

## **Sing vooraf staande: Skrifberyming 2-4:1, 3**

- 1 Wat 'n liefde en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,  
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!  
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,  
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.
- 3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,  
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.  
Teen die sonde duur die stryd: / "Sonde is ongeregtigheid!  
Maar ons lewe uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!"

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 66:1, 2 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!  
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.  
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;  
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.
- 2 Die aardryk met sy verste lande / moet biddend voor die HERE buig;  
die volke van die verste strande / moet met hul lofstem voor Hom juig.  
Kom en aanskou Gods wonderdade, / wat is sy werking hoog gedug.  
Smeek Hom, o volke, om genade, / want niemand kan sy hand ontvlug.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 66:6, 7 (p. 321)

- 6 Ek sal, verlos uit doodsgeware, / nou dat ek weer kan asemhaal,  
my offers bring op u altare / en my geloftes U betaal.  
Ek sal laat opgaan in die vlamme / die vetste vee uit veld en wei;  
ek sal by rookwerk van die ramme / ook beeste en bokke toeberei.
- 7 Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die HERE vrees!  
Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.  
Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;  
en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.

Gebed

Psalm 2:1, 4 (p. 5)

- 1 Wat dring en dryf die wilde heidendom, / dat volke raas in opgewondenheid?  
Gedugte konings staan gereed alom, / en wêreldgrottes raadslaag vir die stryd,  
om God almagtig na die kroon te steek / en saam teen sy Gesalfde op te staan.  
Hul sê: "Kom nou, laat ons hul bande breek / en van hul juk vir altyd ons ontslaan!"
- 4 En Ek, die Vors, so hoog in mag en eer, / sal Gods besluit die wêreld oor laat klink:  
"Ek self (sê God) het U gegenerer: / U is my Seun, uit wie my beeld'nis blink.  
Spreek dan u eis, Ek skenk dit U gewis. / En dat u troon vir ewig vas mag bly,  
gee Ek die volke tot u erfenis / en wêreldwydtes tot u heerskappy.

**Skriflesing:** Johannes 1:1-18; Heidelbergse Kategismus, Sondag 13:33

**Kernvers:** Johannes 1:1, 12-14

**In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid. (Johannes 1:1, 12-14 AFR53)**

### Heidelbergse Kategismus

**Vraag 33: Waarom word Christus die eniggebore Seun van God genoem terwyl ons tog ook kinders van God is?**

*Antwoord: Omdat alleen Christus die ewige natuurlike Seun van God is (a), terwyl ons om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem is (b).*

*(a) Joh 1:14; Heb 1:1, 2; Joh 3:16; 1 Joh 4:9; Rom 8:32. (b) Rom 8:16; Joh 1:12; Gal 4:6; Efes 1:5, 6.*

**Tema:** Hoe ons kindskap van God vergelyk met Christus se Kindwees van God

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, daar is een vraag wat ek en jy moet hoor en korrek moet beantwoord sodat ons toegerus vir die lewe kan wees en gereed kan wees om te sterwe. Dit is die vraag wat Jesus aan sy dissipels gevra het:

**Maar julle, wie sê julle is Ek?** (Matteus 16:15 AFR53).

Die antwoord op hierdie vraag sal duidelik maak waar ons ewige bestemming is. Miskien sal jy nou by jouself dink: Maar my ewige bestemming word mos deur my geloof in Jesus Christus alleen bepaal. Dit is waar. My en jou ewige bestemming word slegs deur ons geloof in Jesus Christus bepaal. Maar as ons nie duidelik weet wie Jesus is nie, kan ons nie in Hom glo nie, of nog erger, dan glo ons in 'n denkbeeldige Jesus.

Wat bedoel ons met 'n denkbeeldige Jesus? Die Jehovasgetuies en die Mormone sê dat hulle ook in Jesus Christus glo. Wanneer 'n mens egter hulle verstaan van wie Jesus Christus is vergelyk met wat die Heilige Gees aan ons van Jesus Christus openbaar, sien ons 'n hemelsbreë verskil. Die Jehovasgetuies en die Mormone glo nie in Jesus Christus wat Homself in die Bybel aan ons openbaar nie. Hulle glo in 'n Jesus van hulle eie verbeelding. En so 'n geloof sal 'n mens nie kan red nie.

Jesus het gevra:

**Maar julle, wie sê julle is Ek?** (Matteus 16:15 AFR53).

Toe het Petrus geantwoord:

**U is die Christus, die Seun van die lewende God** (Matteus 16:16 AFR53).

'n Eenvoudige vraag: Van wie het Petrus gepraat toe hy so geantwoord het? Hy het gepraat van Jesus, die Persoon, wat daar in hulle midde gestaan het. Hoe het Petrus en die ander dissipels geweet dat die Mens Jesus daar in hulle midde die Seun van die lewende God is? Jesus gee self die antwoord:

**Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is. (Matteus 16:17 AFR53)**

As Petrus se antwoord nie ook my en jou antwoord is nie, dan het ons geen sekerheid dat ons sondeskuld werklik by God vereffen is nie. En as ons nie sekerheid hieroor het nie, kan ons soos die Mormone en Jehovasgetuies verval in 'n klomp dinge wat ons moet doen sodat ons sekerheid kan kry. En wie hierdie weg inslaan – wie dinge begin doen om sy verlossing te verseker – het Jesus met die daad verloën, soos ons in Sondag 11 bely.

Broers, susters en kinders, ons kom vanoggend by die derde Naam van die ons Verlosser wat ons in die Twaalf Artikels bely – **die eniggebore Seun van God**. Ons geloof in hierdie Naam van ons Verlosser moet sterk wees sodat ons nie deur mense wat moedswillige redenasies oor die Bybel wil voer, omvergegooi sal word nie. Die mense wat moedswillige redenasies oor die Bybel wil voer, is die mense wat ons wil laat dink dat hulle die Bybel baie goed ken. En intussen, sonder om nou sleg van sulke mense te praat, is hierdie kennis wat hulle meen hulle het maar oppervlakkig en half. Hulle vergader hulle kennis bloot op die sigwaarde van woorde en dan maak hulle die gevolgtrekking dat die Bybel twee dinge sê wat in botsing met mekaar is.

Ons Kategismus neem nou juis hierdie mense wat moedswillig wil redeneer se gedagtes in vraag 33 op wanneer daar gevra word: **Waarom word Christus die eniggebore Seun van God genoem terwyl ons tog ook kinders van God is?** Die mense wat moedswillig wil redeneer, sê: Albei hierdie sake staan tog baie duidelik in die Bybel geskryf. Christus is die eniggebore Seun van God die Vader, of soos dit in die 1983-vertaling vertaal is: **die enigste Seun van die Vader** (Johannes 1:14 AFR83), en so het ons dit ook hier in Johannes 1:14 gelees. En in dieselfde hoofstuk staan daar geskryf dat ook mense kinders van God is.

Onder die begrip wat vertaal is *eniggebore Seun* wil hierdie moedswillige mense verstaan dat dit net *enigste Seun* beteken. Daarom redeneer hulle verder: As Christus dan die enigste Seun van God is, beteken dit mos dat daar nie nog kinders van God kan wees nie. Die woord *enigste* sluit alle ander moontlikhede mos uit. Geliefdes, hierdie argument wil geloofwaardig klink as 'n mens nie op jou hoede is nie. Dit kan vir 'n mens so geloofwaardig word dat jy ook kan begin wonder: As Christus die enigste Seun van God is, is dit dan moontlik dat ons mense ook kinders van God kan wees?

Kom ons volg die Heilige Gees terug na die rykdom van ons God se openbaring wanneer die Heilige Gees die handvatsel van vraag en antwoord 33 vir ons in die hand gee. Ons bely dat **Christus die eniggebore Seun van God genoem word omdat alleen Christus die ewige natuurlike Seun van God is**. In verband met Christus gebruik ons twee woorde wat sy Kindwees van God in besonder kwalifiseer. Christus is die *ewige* en *natuurlike* Seun van God. Met hierdie twee handvatsels lei die Heilige Gees ons terug na ons eerste kernvers:

**In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.**  
(Johannes 1:1 AFR53).

In elkeen van die drie dele van hierdie vers maak die Here drie waarhede aangaande Jesus Christus aan ons bekend. In die eerste plek hoor ons dat die Seun van God ewig is. Die woorde **In die begin was die Woord** herinner aan die eerste woorde in Genesis 1: **In die begin het God die hemel en die aarde geskape** (Genesis 1:1 AFR53). Die woorde in Johannes 1 sowel as die woorde in Genesis 1 kom met volle Goddelike gesag. Daar word nie gedebatteer of God bestaan of nie. Hier word nie 'n opinie gelug wat ons mense kan

aanvaar as ons wil of nie. Hierdie woorde tref 'n mens met volle Goddelike gesag nog voordat jy kon koes – hier is die waarheid!

Doelbewus het die Heilige Gees Johannes gelei om te skryf ***In die begin***, want Hy wil ons laat verstaan dat hier nou oor die nuwe skepping of die herskepping gepraat word. En in die herskepping begin God nie deur 'n ander aarde en ander mense te skep nie. Hy begin die kroon van sy skepping – die mens – nuut maak. En in die herskepping van die mens is die Woord sentraal. Die Woord is immers ook die Skepper, hoor ons:

**Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.** (Johannes 1:3 AFR53)

Hierdie eerste deel van vers 1 sê dus: In die begin – nog voordat die hemel en die aarde bestaan het – was die Woord reeds daar. Die Woord het dus nie 'n begin nie. Van ewigheid af bestaan die Woord.

Wie is hierdie Woord? Laat u oog net vir 'n oomblik oorgaan na vers 14 toe. Die *Woord* van vers 1 is die Woord wat vlees geword het – die Eniggeborene wat van die Vader kom en Hy het onder ons gewoon. Die Woord is dus niemand anders nie as ons Here Jesus Christus, die Seun van God. Christus is dus ewig.

Terug na vers 1. Johannes skryf verder: ***en die Woord was by God***. Die woordjie *by* in hierdie deel van die vers druk twee dinge vir ons uit. Aan die een kant hoor ons waar die Woord was – Hy was by God. Die Woord was in die teenwoordigheid van God. Aan die ander kant hoor ons dat daar 'n innige verhouding tussen die Woord en God is.

In die eerste deel van die vers sê Johannes dat die Woord natuurlik ewig is. In die tweede deel hoor ons dat die Woord in die innigste verhouding tot God staan, maar daar is ook 'n onderskeid tussen die Woord en God, want die Woord was by God. Die Woord is dus 'n Persoon (vgl. vers 14) wat onderskei word van die Persoon van God, alhoewel die Woord self ook ewig is en ook God is.

Dit bring ons dan by die derde deel van die vers: ***en die Woord was God***. Daar kan nie nog iets groters of beter oor die Woord gesê word nie as dat Hy God is. Daar is nie net iets Goddelik aan die Woord nie. Die Woord is God. En na aanleiding van vers 14 waarop ons nou gaan terugkom, kan ons sê: Jesus Christus is ewig, Hy is die tweede Persoon in die Drie-eenheid en Hy is God. Jesus Christus is dus in die ewige natuurlike verhouding met God.

Laat ons nou vervolgens oorgaan na vers 14 toe. In hierdie vers openbaar die Heilige Gees 'n geheimenis aan ons. ***Die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon***. Dit is steeds die Woord wat ewig bestaan, wat by God was en self God is – Hy het vlees geword. Johannes stel dit op 'n skokkende wyse – nie saggies: *Die Woord het mens geword*, nie. *Vlees* word baie maal in die Bybel vereenselwig met die sondige mens. Jesus Christus het nie deel aan ons sondige natuur nie, maar Hy het voluit deel aan die menslike natuur.

God die Seun het die vlees van mense aangeneem en het onder ons gewoon. Letterlik vertaal: ***en het onder ons tabernakel opgeslaan***. Die tabernakel in die Ou Testament was die teken dat God tussen mense kom woon het. Jesus Christus in sy menslike natuur is God wat sy tent vir 'n tyd lank tussen mense opgeslaan het.

Johannes sê verder: ***en ons het sy heerlijkheid aanskou***. God se heerlijkheid staan in noue verband met die tabernakel (Eks 40:34-35). Jesus het die eerste maal sy heerlijkheid

geopenbaar toe Hy die eerste wonder by die bruilof in Kana gedoen het. Jesus het sy heerlijkheid geopenbaar en sy dissipels het in Hom geglo (Joh 2:11). Johannes was ook saam met Petrus en Jakobus op die berg van verheerliking waar hulle Jesus in sy verblindende heerlijkheid as die Seun van God gesien het.

Maar die duidelikste waar die heerlijkheid van Christus geopenbaar is, was aan die kruis. Net nadat Jesus vir Judas Iskariot aangewys het as die een wat Hom sou verrai, is Judas uit die vertrek uit. Toe sê Jesus:

**Nou is die Seun van die mens verheerlik, en God is in Hom verheerlik.**  
(Johannes 13:31 AFR53).

Toe Johannes gesien het hoe Jesus Homself gewillig as offer vir die sondes van mense oorgee, het hy die heerlijkheid van God op sy helderste gesien.

En hierdie heerlijkheid van die Woord wat vlees geword het, is **'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom**. Die woord *Eniggeborene* wys op die uniekheid van Christus as Seun van God. Christus is enig in sy soort wanneer dit by sy Kindwees van die God kom. Jy sal nou kan vra: Is dit geldig om dit so te vertaal? Inderdaad is dit geldig. In Hebreërs 11:17 word Isak ook die eniggeborene van Abraham genoem. Ons weet immers uit Genesis dat Isak nie die enigste kind van Abraham is nie en ook nie eers die oudste kind van Abraham nie. Maar Isak is uniek in sy kindwees van Abraham, want hy is gebore uit ouers wat glad nie op natuurlike wyse meer kinders kon hê nie en tog het God uit hulle 'n seun gebore laat word.

Jesus Christus, die Seun van die lewende God, is uniek van ewigheid af uit die Vader gebore (Ps 2). Jesus Christus is die enigste Een wat so natuurlik van ewigheid af uit God gebore is. Geen mens deel in hierdie uniekheid van Christus se Kindwees van God nie.

Ons is ook kinders van God, inderdaad. Christus is van ewigheid af uit die Vader gebore, maar **ons is om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem**. Christus is die genade wat God aan mense skenk wat eintlik sy oordeel verdien. Kom ons luister hoe ons kinders van God geword het.

**Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo.** (Johannes 1:12 AFR53)

Ons moenie dink dat die woord *aangeneem* in vers 12 en die woord *aangeneem* in antwoord 33 dieselfde is nie. 'n Duideliker vertaling in vers 12 sou eerder wees *ontvang*. Die vers sou dan so klink: *Maar almal wat Hom ontvang het, aan hulle het Hy die mag (of reg) gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo.*

*Hom* in hierdie sin verwys na die Woord – na Jesus Christus. Om Jesus Christus te ontvang, is dieselfde as om in sy Naam te glo. Deur middel van die geloof wat die Heilige Gees in 'n mens se hart opwek met die Woord van God – met die Bybel – ontvang 'n mens Christus in jou lewe. Jy glo in sy Naam. En nou weet ons mos al dat die Naam van Jesus alles insluit wie Jesus is en wat Hy kom doen het. Om in die Naam van Jesus te glo is in die besonder om oortuig te wees en te vertrou dat Jesus Christus ook vir jou sondes aan die kruis gesterf het.

Aan hulle wat dan in Jesus Christus glo, gee God die reg om kinders van God te word. Hierdie *reg* is soos 'n wettige aanspraak. My geboortesertifikaat is die wettige aanspraak wat ek het dat my pa regtig my pa is. Met die geloof in Christus kry mense die wettige

aanspraak dat God regtig hulle Vader is om Christus ontwil. Omdat Jesus Christus die wettige prys vir hulle lewens aan die kruis betaal het, mag hulle kinders van God genoem word. En dit is nie dat gelowiges hulleself maar net verbeeld dat hulle kinders van God is nie. Die Gees van God getuig saam met ons dat ons kinders van God is, want dit is Hy wat ons gelowig tot God laat roep: Abba, dit beteken Vader.

En nou hoor ons in vers 13:

**wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is.** (Johannes 1:13 AFR53).

Ons geboorte om kinders van God te wees, is nie so 'n natuurlike geboorte soos Christus se geboorte uit sy Vader nie. Ons is ook nie kinders van God omdat ons uit gelowige ouers gebore is nie. Ons kindwees van God word nie bepaal deur ons ouers of ons geslag of ons volksgroep nie.

Ons geboorte om kinders van God te wees, is 'n bonatuurlike geboorte. Dit is die geboorte wat die Heilige Gees bewerk wanneer Hy ons lewe geheel en al omkeer sodat, waar ons lewe vroeër daarop gerig was om ons eie selfsugtige begeertes te bevredig en die duiwel te vrede te stel, ons lewe na die geboorte daarop gerig is om God tevrede te stel. Dit is as gevolg van hierdie wedergeboorte en die geloof wat die Heilige Gees ons skenk dat ons in die Naam van Christus glo. En omdat die Gees dit met 'n mens laat gebeur, neem God ons ter wille van Christus aan as sy kinders.

In Sondag 12 het ons gesien wat ons met Christus deel. Ons het deel aan sy salwing met die Heilige Gees sodat ons ook profete, priesters en konings kan wees. Daarom deel ons ook sy Naam, want ons word Christene genoem. In Sondag 13 se eerste vraag sien ons nog iets wat ons met Christus gemeen het. Hy is Seun van God en ons is ter wille van Hom kinders van God. Maar ons kom ook agter dat daar 'n groot verskil is. Christus is die ewige natuurlike Seun van God terwyl ons deur God aangeneem is as sy kinders.

Maar wat beteken dit vir jou en my om nou kind van God te wees? In die eerste plek gee hierdie wete aan ons innerlike rus. Die kind van God kan onder die moeilikste omstandig-hede kalm en rustig wees in die wete dat sy Vader in die hemel vir hom sal sorg. Christus beklemtoon dit sterk as Hy sê:

**Watter mens onder julle sal vir sy seun 'n klip gee as hy brood vra, of 'n slang as hy 'n vis vra? As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan dié wat dit van Hom vra?** (Matteus 7:9-11 AFR83).

God sorg vir sy kinders deur aan hulle te gee wat hulle nodig het vir die tydelike en ewige lewe. Hy het veral vir ons gesorg toe Hy sy Seun gegee het om vir ons verlossing en die ewige saligheid te verwerf.

In die tweede plek plaas dit 'n heilige roeping op ons. Nou moet ons inderdaad in hierdie wêreld lewe soos kinders van God en nie soos kinders van die wêreld of van die duiwel nie. Wat dit in die praktyk beteken, toon Paulus duidelik aan as hy aan die Filippense skryf:

**Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld deur die woord van die lewe uit te dra.** (Filippense. 2:15-16 AFR83)

En in die derde plek put ons groot troos uit die feit dat ons kinders van God mag wees. Wanneer ons swaar beproef word, is ons kindwees van God ons troos. Dit word vir ons duidelik wanneer die Here by monde van die skrywer van die brief aan die Hebreërs sê:

**Julle het ook vergeet van die aanmoediging wat tot julle as kinders van God gerig word: My kind, moet dit nie gering ag as die Here jou tug nie en moenie mismoedig word as Hy jou teregwys nie, want die Here tug hom wat Hy liefhet, Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem! Verdra die tug as opvoeding, want God behandel julle as sy kinders. Is daar miskien 'n kind wat nie deur sy vader getug word nie? As julle nie getug word soos al die ander nie, dan is julle nie werklik sy kinders nie. (Hebreërs 12:5-8 AFR83)**

Hieruit is dit duidelik dat die kind van God in hierdie lewe soms swaarkry en beproef word. En die Here doen dit nie omdat dit vir Hom aangenaam is nie. Allermens! Die Here doen dit omdat die beproewings vir ons nodig is om ons te laat groei in die geloof en om ons nader aan Hom te laat lewe. Daarom kan die kind van God getroos word deur die wete dat God alles – ook beproewings – ten goede laat meewerk vir hulle wat Hom liefhet (Rom. 8:28).

Mag hierdie wete dat ons ter wille van Christus tot kinders van God aangeneem is ons aanspoor om so te lewe dat ander mense graag ons Vader in die hemel sal wil leer ken wanneer hulle sien met watter innerlike rus en tevredenheid ons selfs deur die moeilikste omstandighede gaan. Mag ons lewe 'n getuienis wees van hoe 'n goeie Vader ons in en deur Jesus Christus het.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 1-1:1, 2 (24:1, 2)

- 1 Geseënd sy bo alle dinge / die ewige God en Vader! Hy  
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.  
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,  
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.
- 2 Hy het deur eie wil bewoë, / dat niks ons ooit weer sou vervreem,  
om Christus wil, uit mededoë, / ons as sy kinders aangeneem;  
dat ons, by guns so vry gegewe, / in hart en wandel onbevlek,  
sou leef voor Hom, in liefde lewe, / wat lewe<sup>o</sup>in dooie harte wek.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
1 Desember 2013